Madame Flaubert verskyn uit die kombuis. "Wat gaan hier aan?" vra sy kwaai.

Die eetkamer raak stil. Iemand druk vinnig die uitnodiging in Tombi se hande. Almal behalwe Clarissa gaan sit.

"Tombi het 'n uitnodiging gekry na die Suid-Afrikaanse ambassadeur se bal," kerm dié. "Hoe is dit moontlik? Is ons dan nie ook genooi nie?"

Madame Flaubert glimlag fyntjies (*slightly*). "Nee, julle is nie. Die ambassadeur het versoek (*requested*) dat twee van die groep die bal bywoon as verteenwoordigers (*representatives*) van die jeug van Suid-Afrika, en sy het spesifiek vir Tombi en Emma gevra."

Alle oë draai na Emma. Sy sit soos 'n haas vasgevang (*caught*) in motorligte en voel sommer skuldig (*guilty*), asof sy op heterdaad betrap (*caught red-handed*) is dat sy iets ongeoorloofs (*unlawful*) doen.

'n Rumoer (*great noise*) bars opnuut los. "Gee, laat ek sien!" gil Clarissa en probeer Emma se uitnodiging gryp.

Juffrou Lategan kom vinnig die eetkamer binne. "Het julle dan geen maniere nie?" raas sy. "Gaan sit, Clarissa!"

Die blonde meisie gehoorsaam (*obeys*), maar sy gluur (*glowers*) na Emma en Tombi soos 'n brak (*mutt*) wie se been afgevat is.

"Vanaand gaan ons die Latynse Kwartier (*Latin Quarter*) besoek," sê juffrou Lategan, "deur die systraatjies (*side streets*) wandel (*stroll*), na die straatmusikante luister en regte Franse kos eet by 'n tipiese sypaadjiesrestaurant. Tombi en Emma word natuurlik verskoon, want hulle het ander verpligtinge (*obligations*), soos julle almal nou weet. Daar sal geen verdere bespreking (*further discussion*) van die saak wees nie, dankie."

---

[Uittreksel uit: Wasserman, E. 2016. *Elf dae in Parys*. Kaapstad: Tafelberg.]

1. Beskryf in jou EIE woorde wat *verslaap* in die eerste paragraaf beteken. (1)

   ______________________________

2. Wie het verslaap? (2)

   ______________________________

3. **Emma en Tombi kon nie stort voor ontbyt nie.**

   3.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? ____________ (1)

   3.2 Motiveer jou antwoord op vraag 3.1. (1)

   ______________________________

   ______________________________

4. Wie het die roomkleurige koevert eerste oopgemaak? (1)

   ______________________________

5. Wat het hierdie persoon gedink staan geskryf in Tombi se koevert? (1)

   ______________________________

   ______________________________

6. Waarmee het hierdie persoon die koevert oopgemaak? Haal EEN (1) WOORD aan om jou antwoord te staaf. (1)

7. Na watter geleentheid (*event*) word Emma en Tombi genooi? (1)

8. Wie het Emma en Tombi na die geleentheid uitgenooi? (1)

9. Die woord "katterig" wys die ander was . . .
   A ongemanierd.
   B onbeskof.
   C jaloers.
   D kwaad. (1)

10. Dink jy Emma was versigtig (*wary*) vir die ander kinders? Gee 'n rede. (1)

11. Het Clarissa rede gehad (*had reason*) om ongelukkig te wees? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

12. Waarom is Emma en Tombi genooi en Clarissa nie? (2)

13. Kan dit wat in die eetkamer beskryf word, werklik gebeur het? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

14. Verduidelik wat met "gluur" bedoel word. (1)

15. Noem die DRIE (3) AKTIWITEITE wat juffrou Lategan en die ander kinders in die Latynse Kwartier gaan doen. (3)

16. Clarissa gebruik baie Engelse woorde wanneer sy praat. Bespreek Clarissa se taalgebruik (*use of language*) in die eerste gedeelte van die uittreksel. (2)

17. Voltooi die volgende tabel deur DRIE (3) VOORBEELDE VAN ELK uit die teks neer te skryf: (6)

| | |
|---|---|
| **Eiename** (*proper nouns*) | |
| **Soortname** (*common nouns*) | |

18. Vul die KORREKTE ontbrekende (*missing*) VOORNAAMWOORDE (*pronouns*) in: (6)

Tombi het ________ (Emma) wakker gemaak. _____ (Tombi) wou nie hê hulle moes laat wees vir ontbyt nie. Die briewe was langs ________ bord. Clarissa het nie geweet (wat + vir) ________________ die koeverte was nie. Die ambassade het die twee meisies genooi na die bal. Clarissa wou weet waar ____________ uitnodiging was en het gekla dat ___________ ook genooi moes wees.


19. Skryf die KORREKTE MEERVOUDS- en VERKLEININGSVORME (*plural and diminutive forms*) van die volgende woorde neer: (10)

| Selfstandige naamwoord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| eetkamer | | |
| koevert | | |
| brief | | |
| uitnodiging | | |
| been | | |

**[TOTAAL: 44 PUNTE]**

## Selfstandige naamwoorde (*nouns*)

A noun (*selfstandige naamwoord*) describes a person, place, thing, event, object, state of being, quality or concept. Most often a noun refers to something you can see, hear, touch, smell or taste. Only nouns can be written in a plural and diminutive form or can take gender. Only nouns can be used with the articles "**die**" (the) and " **'n**" (a/an). Nouns can be replaced with a pronoun (*voornaamwoord*).



1. HERRANGSKIK (*rearrange*) die volgende selfstandige naamwoorde (*nouns*) in die KORREKTE kolomme.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Tombi | eetkamer | Parys | koffie | rumoer |
| burgemeester | intrige | Chez Flaubert | tafelmes | water |

| **Soortnaam** (*common noun*) | **Eienaam** (*proper noun*) | **Stof- en massanaamwoord** (*material and mass noun*) | **Abstrakte selfstandige naamwoord** (*abstract noun*) |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |

**Daar is VYF TIPES selfstandige naamwoorde:**

**Selfstandige naamwoord**

- **Soortnaam** (*common noun*) — Dinge waaraan ons kan vat en wat ons kan sien, hoor, proe of ruik, bv. *tafel, venster, pastei, voël, hond, kos*.
- **Eienaam** (*proper noun*) — Spesifieke name wat altyd met 'n hoofletter geskryf word, bv. *Emma, Tombi, Parys*.
- **Massanaamwoord** (*material and mass nouns*) — Naamwoorde wat iets aandui wat nie getel kan word nie en dus nie 'n meervoudsvorm het nie, bv. *koffie, water, goud, katoen, stof*.
- **Abstrakte selfstandige naamwoord** (*abstract noun*) — Name van dinge soos gevoelens wat ons nie fisies kan sien of aan kan vat nie, bv. *liefde, intrige, rumoer, haat*.
- **Versamelnaam** (*collective noun*) — 'n Versamelnaam staan dikwels voor 'n ander selfstandige naamwoord. Dit beskryf 'n groep dinge of mense van dieselfde soort, bv. *'n swerm bye*.

**Wat is die verskille (*differences*) tussen 'n soortnaam (*common noun*) en 'n eienaam (*proper noun*)?**

| **Common noun** (*soortnaam*) | **Eienaam** (*proper noun*) |
|---|---|
| ▪ A common noun names any person, place or thing.<br>▪ It does not start with a capital letter. | ▪ A proper noun names a specific person, place or thing.<br>▪ It always starts with a capital letter. |

| **Common noun** (*soortnaam*) | **Eienaam** (*proper noun*) |
|---|---|
|  **chauffeur** <br> **koevert**  |  **Parys** <br>  **Clarissa** |

2. Identifiseer (*identify*) die ONDERSTREEPTE SELFSTANDIGE NAAMWOORDE:
   a) ’n Roomkleurige koevert rus langs Emma se bord.

   ______________________________________________

   b) Madame Flaubert verskyn uit die kombuis.

   ______________________________________________

   c) Dit het my naam op.

   ______________________________________________

   d) Sy sit soos ’n haas vasgevang in motorligte.

   ______________________________________________

   e) Die koevert ruik na intrige.

   ______________________________________________

3. VERANDER die volgende soortname na EIENAME.
   *Voorbeeld: taal – Afrikaans.*
   a) meisie ____________________
   b) straat ____________________
   c) kar ____________________
   d) speelding ____________________
   e) klere ____________________

4. OMKRING (*circle*) al die SELFSTANDIGE NAAMWOORDE:

| |
|---|
| wakker; bed; is; stort; hulle; koppies koffie; betyds; koevert; gryp; hande; nuuskierig; neuse; papier; nooi; burgemeester; geskok; stemme; kombuis; eetkamer; uitnodiging; Tombi; oë. |

5. Kies en OMKRING (*circle*) die KORREKTE VORM van die woorde tussen hakies:
   a) Juffrou Lategan moes amper vir Tombi en Emma uit hul (bedens/beddens) gooi.
   b) Clarissa wou aan albei (koeverte/koevertte) ruik.
   c) Die (briefe/briewe) in die koeverte was roomkleurig.
   d) Die ander gaan in die (systraate/systrate) van die Latynse Kwartier rondloop.

# Best Books Eksamenhulp: Graad 11 Taal- en leesoefenboek

## vir Eerste Addisionele Taal

Saamgestel deur Marelize Swanepoel

BEST BOOKS

# Inhoudsopgawe


**Hoofstuk 1: Klankleer (*phonics/sounds*)**

Begripstoets

Vokale – drie groepe vokale (*three groups of vowels*)

Diftonge (*diphthongs*)

Konsonante (*consonants*)

**Klankverskynsels** (*sound phenomena*)

- Ontronding (*derounding*)
- Oorronding (*labialisation/overrounding*)
- Assimilasie (*assimilation*)

Lettergrepe en klankgrepe (*syllables and speech sounds*)

Beklemtoning (*word stress*)

Hooflettergebruik (*use of capital letters*)

Leestekens (*punctuation marks*)

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 2: Woordvorming (*morphology*)**

Begripstoets

Kern en bepaler (*core and determiner*)

Simpleks of kompleks (*simplex or complex*)

Samestellings (*compounds*)

Afleidings (*derivatives*)

Voorvoegsels (*prefixes*)

Agtervoegsels (*suffixes*)

Samestellende afleidings (*compounds plus prefixes and/or suffixes*)

Afkortings (*abbreviations*)

Akronieme (*acronyms*)

Skryftekens (*diacritical marks*)

**Spelling en spelpatrone** (*spelling rules and conventions*)

- Woorde wat eindig op -**d** en -**t**
- Woorde wat eindig op of begin met **v** of **f**
- Los en vas skryf van woorde

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 3: Selfstandige naamwoorde (*nouns*) en voornaamwoorde (*pronouns*)**

Begripstoets

**Selfstandige naamwoorde** (*nouns*)

- Meervoudsvorme (*plural forms*)
- Verkleiningsvorme (*diminutives*)
- Geslagswoorde (*gender nouns*)
- Versamelname (*collective nouns*)

Voornaamwoorde (*pronouns*)

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 4: Byvoeglike naamwoorde (*adjectives*)**

Begripstoets

**Byvoeglike naamwoorde** (*adjectives*)

- Attributiewe en predikatiewe vorm (*attributive and predicative form*)
- Trappe van vergelyking (*degrees of comparison*)
- Vergelykings (*similes*)
- Intensiewe vorme (*intensive forms*)

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 5: Werkwoorde (*verbs*) en bywoorde (*adverbs*)**

Begripstoets

**Werkwoorde** (*verbs*)

- Hoofwerkwoorde (*main verbs*)
- Hulpwerkwoorde (*auxiliary verbs*)
- Skeibare en onskeibare werkwoorde (*separable [particle] and inseparable verbs*)
- Deelwoorde (*participles*)
- Koppelwerkwoorde (*copulative verbs*)
- Sinne met die werkwoorde “het” en “is”
- Sinne met die werkwoorde “ken” en “weet”
- Tye van werkwoorde (*tenses of verbs*)

**Bywoorde** (*adverbs*)

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 6: Ander woordsoorte (*parts of speech*)**

Begripstoets

Lidwoorde (*articles*)

**Telwoorde** (*numerical adjectives*)

- Tyd (*indicating time*)
- Geldeenhede (*currencies*)
- Weer- en ander simbole (*weather and other symbols*)

Tussenwerpsels (*interjections*)

Voegwoorde (*conjunctions*)

Voorsetsels (*prepositions*)

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 7: Sinsleer (*syntax*)**
Begripstoets
Onderwerp, voorwerp en gesegde in sinne (*object, subject and predicate*)
Byvoeglike en bywoordelike bepalings (*adjectival and adverbial modifiers*)
Byvoeglike en bywoordelike bysinne (*adjectival and adverbial clauses*)
Infinitiewe vorm (*infinitive form*)
Woordorde in sinne (*word order*)
**Sinsoorte**
Enkelvoudige sinne (*simple sentences*)
Saamgestelde sinne (*complex sentences*)
Veelvoudige sinne (*compound sentences*)
Tipes sinne (*types of sentences*)
Tye (*tenses*)
Ontkenning (*negation*)
Direkte en indirekte rede (*direct and indirect speech*)
Lydende en bedrywende vorm (*passive and active voice*)
Hersieningsoefening
**Hoofstuk 8: Betekenisleer (*semantics*)**
Begripstoets
**Letterlike en figuurlike betekenis** (*literal and figurative meaning*)
Idiomatiese uitdrukkings (*idiomatic expressions*)
Spreekwoorde (*proverbs*)
Antonieme en sinonieme (*antonyms and synonyms*)
Homofone en homonieme (*homophones and homonyms*)
Polisemie (*polysemes*)
Paronieme (*paronyms*)
Verwarrende woorde (*words easily confused*)
Een woord vir 'n omskrywing (*one word for a description*)
Leenwoorde (*loan words*)
Nuutskeppings (*neologisms*)
Sleng/informele taal (*slang/colloquial language*)
Hersieningsoefening
**Vraestelle**
Junie-eksamen
November-eksamen
**Bibliografie**

# Hoofstuk 7: Sinsleer (*syntax*)

**In this chapter, you will**

- answer comprehension questions based on an excerpt from a youth novel and an informative text (*'n uittreksel uit 'n jeugboek en inligtingsteks*).
- review the subject (*onderwerp*), object (*voorwerp*) and predicate (*gesegde*) in sentences.
- learn more about word order (*woordorde*) in Afrikaans sentences using the Sv$^1$TOMPv$^2$I formula.
- identify and use adjectival and adverbial modifiers (*byvoeglike en bywoordelike bepalings*).
- identify and use adjectival and adverbial clauses (*byvoeglike en bywoordelike bysinne*).
- practise using the infinitive form (*infinitiewe vorm*) – "te" and "om te".
- investigate simple, complex and compound sentences (*enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne*).
- review different types of sentences: declarative (*stelsin*), interrogative (*vraagsin*), imperative (*bevelsin*) and exclamatory (*uitroepsin*).
- learn more about the three Afrikaans tenses: past, present and future tense (*verlede, teenwoordige en toekomende tyd*).
- practise using negation (*ontkenning*).
- review direct and indirect speech (*direkte en indirekte rede*).
- learn more about active and passive voice (*bedrywende en lydende vorm*).
- revise syntax.

## Begripstoets (*comprehension test*)

Lees die onderstaande uittreksel (*excerpt*) uit *#PresiesAnders: Eksperimente en eerste soene* deur Cecilia Steyn en beantwoord dan die vrae.

### In die biegstoel (*confessional*)

1 Arme Zane het maar vir my plek in sy deurmekaar (*messy*) kamer gemaak. Al die gemors (*rubbish*) wat op die spaar-enkelbed (*spare single bed*) gelê het, het hy net so met sy arm van die bed afgeskraap (*shoved off*). En ek het die meeste van die nag na die dak gestaar (*stared at*).

2 Ek en Pa is vandag by die Vredefortkoepel (*Vredefort Dome*).

3 "Ek en Zane gaan nou 'n kamer deel," sê ek vir my pa terwyl ons besig is om fossiele te soek. Hy knik aandagtig (*nods attentively*) asof hy eers aan die brokkie nuus (*item of news*) moet kou. Pa stap voor. Hy het 'n beter oog as ek, maar ek leer vinnig.

4 "En jy dink dis 'n goeie idee?" vra Pa besorg (*solicitously*).

5 "Miskien moet ek so 'n bietjie uit Zoya se pad bly vir 'n ruk?"

6 Pa knik net weer.

7 Die son brand warm op ons lywe. Ek en Pa stap in 'n droë rivierbedding (*river bed*). Pa spuit van die plat rotse met water wat hy in 'n spuitbottel (*spray bottle*) saamdra. Die rotse verkleur (*discolour*) en dan kan 'n mens sien wat is been en wat is klip.

8 Pa vertrou (*trusts*) my met sy kamera en laat my al die foto's neem. Hy wys vir my wat ek moet afneem. Van die fossiele is te groot en diep begrawe (*buried*), net stukkies van

ribbebene of skedels steek uit. 'n Mens sal omtrent 'n massiewe stuk rots moet uitgrawe om een heel (*whole*) uit te haal. Daarom neem ons net foto's van dit wat 'n mens met die blote oog (*naked eye*) kan sien. Pa maak aantekeninge (*notes*) van alles wat ons kry.

9 "Hoekom vertel jy my nie net alles van die begin af nie?" sê hy.

10 "Dis moeilik, Pa."

11 "Hou jy en Zoya van dieselfde ou, Zoe?"

12 Ek byt my lip vas. Zoya is nou by Cole. Tannie Monica het daarop aangedring (*insisted on*) dat Zoya vandag saam met hulle gaan ontbyt eet by die kwekery (*nursery*).

13 "Aanvanklik (*initially*) het ek niks van Zoya se kêrel gehou nie, maar na gister . . . ek moes nooit voorgegee (*pretended*) het ek is Zoya nie. Ek dink ek hou nou ook van hom." Daar is 'n stilte tussen ons. "Wat maak ek nou, Pa?" vra ek bekommerd.

14 In my binneste (*deep down*) weet ek ek het nog nooit van iemand op so 'n manier gehou nie.

15 "Ai, my kind. Miskien moet jy begin deur die waarheid te praat. Vertel vir Cole wat jy gedoen het. En vra hom om verskoning. Nou dwing jy vir Zoya om ook te jok. Hy moet maar self besluit watter een van julle tweetjies hy wil hê, of hoe. Hy kan nie al twee my dogters kry nie," sê hy met 'n glimlag in sy stem.

16 Ek knik net. Ek weet mos watter sussie Cole sal kies. Dis nie eens 'n kwessie (*no question*) nie.

17 Ek moes geweet het my pa se raad sou wees om die eerlike ding te doen. Hy is seker (*probably*) reg. Ek sal net vir Cole die waarheid moet vertel. Al haat hy my. Hy gaan vir seker (*he's sure to*) die hele skool vertel. Miskien moet ek sommer my simpel ekspo-taak (*expo project*) ook los, voor iemand uitvind (*discovers*) waarmee ek regtig besig is.

---

[Verwerkte uittreksel: Steyn, C. 2017. *#PresiesAnders: Eksperimente en eerste soene.* Kaapstad: Human & Rousseau.]

1. Wat beteken dit om "in die biegstoel" te wees?

   ______________________________ (1)

2. Haal EEN (1) WOORD aan uit paragraaf 1 wat vir jou sê dat Zane se kamer nie netjies is nie.

   ______________________________ (1)

3. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR (*true or false*)? Motiveer jou antwoord.
   **Zoe het die grootste deel van die nag geslaap.**

   ______________________________ (1)

4. Wat doen Zoe en haar pa by die Vredefortkoepel?

   ______________________________ (1)

5. Verduidelik in jou EIE WOORDE wat 'n fossiel is.

   ______________________________ (1)

6. Waarom dink Zoe dis 'n goeie idee om eerder (*rather*) 'n kamer met Zane te deel?

   ______________________________ (1)

7. Wat het Zoe gedoen om uit haar en Zoya se kamer geskop (*kicked out*) te word?

_______________________________________________ (1)

8. Hoe onderskei (*differentiate*) jy wat been en wat klip is?

_______________________________________________ (1)

9. Waarom neem Zoe eerder foto's van die fossiele?

_______________________________________________ (1)

10. Watter liefdesdilemma het Zoe?

_______________________________________________ (1)

11. Wie is Cole se meisie? Motiveer jou antwoord.

_______________________________________________ (1)

12. Zoya het saam met Cole se gesin by die kwekery ontbyt gaan eet. Wat is 'n *kwekery*?

_______________________________________________ (1)

13. Is die volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING (*fact or opinion*)? Motiveer jou antwoord.
**Aanvanklik het ek niks van Zoya se kêrel gehou nie.**

_______________________________________________ (1)

14. Zoe het voorgegee dat sy Zoya was. Hoe is dit moontlik?

_______________________________________________ (1)

15. Is Zoe verlief op Cole? Verduidelik jou antwoord.

_______________________________________________ (1)

16. Sal jy met jou pa oor jou verhoudings (*relationships*) praat? Motiveer jou antwoord.

_______________________________________________ (1)

17. Zoe se pa gee vir haar goeie raad oor hoe om die Cole-situasie te hanteer. Wat is hierdie raad?

_______________________________________________ (1)

18. Watter slegte ding dink Zoe sal gebeur as sy vir Cole die waarheid vertel?

_______________________________________________ (1)

19. Watter kattekwaad (*mischief*) sal jy aanvang as jy een van 'n tweeling (*twins*) was?

_______________________________________________ (1)

20. Skryf die ENGELSE VERTALING van die volgende Afrikaanse woorde:
    a) ribbebene ______________________
    b) skedel ______________________
    c) kêrel ______________________
    d) om verskoning ______________________ (4)

**[TOTAAL: 23 PUNTE]**

* * *

# Hoofstuk 8: Betekenisleer (*semantics*)

| In this chapter, you will |
|---|
| ◦ answer comprehension and language questions based on an excerpt from a youth novel<br>◦ study literal and figurative language (*letterlike en figuurlike taalgebruik*)<br>◦ learn more about synonyms and antonyms (*sinonieme en antonieme*)<br>◦ investigate homophones and homonyms (*homofone en homonieme*)<br>◦ review polysemes (*polisemie*)<br>◦ learn more about confusing words (*verwarrende woorde*)<br>◦ practise using one word for a description (*een woord vir 'n omskrywing*)<br>◦ find out more about loan words (*leenwoorde*)<br>◦ look at neologisms (*nuutskeppings*)<br>◦ investigate slang (*sleng/informele taal*)<br>◦ revise semantics. |

* * *

## Spreekwoorde (*proverbs*)

'n Spreekwoord (*proverb*) is 'n kort gesegde (*short saying*) wat welbekend (*well known*) en oud is en van geslag na geslag oorgedra word (*passed down from generation to generation*). Dit

- is 'n tipe idiomatiese uitdrukking (*idiomatic expression*).
- druk 'n lewenswysheid (*wisdom*), lewenswaarheid of algemene menslike ervaring (*human experience*) uit.

Spreekwoorde bevat dikwels, soos idiomatiese uitdrukkings, verwysings na die natuur (*references to nature*) of na Bybelse persone (*Biblical persons*). Voorbeelde van spreekwoorde is:

| **Spreekwoord** (*proverb*) | **Verduideliking** (*explanation*) | **Spreekwoord** (*proverb*) | **Verduideliking** (*explanation*) |
|---|---|---|---|
| Wie nie waag nie, sal nie wen nie | jy sal nie iets regkry as jy nie eens bereid is om te probeer nie (*nothing ventured nothing gained*) | Jy kan nie bloed uit 'n klip tap nie | jy kan nie die onmoontlike doen nie (*you can't get blood from a stone*) |
| Agteros kom ook in die kraal | die stadigste/swakste persoon maak ook sy werk klaar (*the slowest/ weakest person also completes their task*) | Goedkoop is duurkoop | dis beter om baie te betaal en iets goeds te koop as om min te betaal vir iets slegs (*cheap things are expensive in the long run*) |
| Optelgoed is hougoed | as jy iets optel, kan jy dit hou (*finders keepers*) | Die baba met die badwater uitgooi | om die goeie saam met die slegte te verwerp (*throw out the baby with the bathwater*) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die appel val nie ver van die boom nie | kinders is soos hulle ouers (*the apple doesn't fall far from the tree*) | 'n Halwe eier is beter as 'n leë dop | dis beter om min te kry as om niks te kry nie (*half a loaf is better than no bread*) |
| Haastige hond verbrand sy mond | as jy iets te vinnig doen, kan jy foute maak (*if you act too hastily, you may make serious mistakes*) | Die bobbejaan agter die bult gaan haal | verwag dat iets slegs gaan gebeur (*meet trouble halfway*) |
| Slim vang sy baas | Jy kan misluk as jy te slim probeer wees (*you may fail if you try to be too clever*) | Kannie is dood (van kruiwa stoot) | niks is onmoontlik nie – jy kan enigiets doen (*nothing is impossible*) |

1. Pas die KORREKTE SPREEKWOORD (*proverb*) in kolom A by die KORREKTE BESKRYWING (*description*) in kolom B. Skryf slegs die NOMMER (1.1–1.7) en LETTER (A–G) in die regterblok neer:

| Kolom A | Kolom B | Antwoord |
|---|---|---|
| 1.1 Honger is die beste kok | A. As jy te lank wag voor jy iets doen, gaan jy dit nooit doen nie | |
| 1.2 Jakkals prys sy eie stert | B. As jy deurdruk en hard werk, sal jy dit regkry | |
| 1.3 Van uitstel kom afstel | C. As jy honger is, is alle kos lekker | |
| 1.4 Klein muisies het groot ore | D. Dink goed voor jy iemand kies om mee te trou | |
| 1.5 Spyt kom altyd te laat | E. Pasop wat jy voor kinders sê | |
| 1.6 Trou is nie perdekoop nie | F. Moenie met jouself spog nie | |
| 1.7 Aanhouer wen | G. Dit help nie om jammer te wees oor iets wat jy kon verhoed (*prevent*) het nie | |

# Best Books Eksamenhulp: Graad 12 Eksamenoefenboek

## vir Eerste Addisionele Taal

Saamgestel deur Aletha de Klerk

BEST BOOKS

# Inhoudsopgawe


**Hoofstuk 1: Klankleer (*sounds/phonics*)**

Hoofletters (*capital letters*)

Punktuasie (*punctuation*)

Lettergrepe en klankgrepe (*syllables and speech sounds*)

**Hoofstuk 2: Woordvorming (*morphology*)**

Basis en stam (*root words*)

Simpleks en kompleks (*simplex and complex*)

Voorvoegsels (*prefixes*)

Agtervoegsels (*suffixes*)

Afleidings (*derivatives*)

Samestellings (*compounds*)

Samestellende afleidings (*compounds plus prefixes and/or suffixes*)

Vokaalverandering (*vowel change*)

Afkortings en akronieme (*abbreviations and acronyms*)

**Hoofstuk 3: Selfstandige naamwoorde (*nouns*) en voornaamwoorde (*pronouns*)**

**Selfstandige naamwoorde**

- Meervoudsvorm (*plural forms*)
- Verkleiningsvorm (*diminutives*)
- Versamelname (*collective nouns*)
- Geslag – mense/diere (*gender – people/animals*)

**Voornaamwoorde**

- Persoonlike (*personal pronoun*)
- Besitlike (*possessive pronoun*)
- Onpersoonlike (*impersonal pronoun*)
- Onbepaalde (*indefinite pronoun*)
- Aanwysende (*demonstrative pronoun*)
- Betreklike (*relative pronoun*)
- Wederkerende (*reflexive pronoun*)
- Wederkerige (*reciprocative pronoun*)
- Vraende (*interrogative pronoun*)

**Hoofstuk 4: Byvoeglike naamwoorde (*adjectives*)**

Byvoeglike naamwoorde

Attributief en predikatief (*attributive and predicative*)

Intensiewe vorme (*intensive forms*)

Vergelykings (*similes*)

Trappe van vergelyking (*degrees of comparison*)

Deelwoorde (*participles*)

Verboë vorme (*inflection*)

**Hoofstuk 5: Werkwoorde (*verbs*) en bywoorde (*adverbs*)**

**Werkwoorde** (*verbs*)

- Hoofwerkwoorde (*main verbs*)
- Koppelwerkwoorde (*copulative verbs*)
- Deeltjiewerkwoorde (*particle verbs*)
- Onskeibare werkwoorde (*inseparable verbs*)
- Hulpwerkwoorde (*auxiliary verbs)*
- Tye van werkwoorde (*tenses of verbs*)

Lydende en bedrywende vorm (*passive and active voice*)

Direkte en indirekte rede (*direct and indirect speech*)

**Hoofstuk 6: Ander woordsoorte (*parts of speech*)**

Lidwoorde (*articles*)

**Telwoorde** (*numerals*)

- Bepaalde en onbepaalde hooftelwoorde (*definite and indefinite cardinals*)
- Bepaalde en onbepaalde rangtelwoorde (*definite and indefinite ordinals*)
- Voegwoorde: groep 1–3 (*conjunctions*)
- Voorsetsels en vaste voorsetsels (*prepositions and fixed prepositions*)
- Tussenwerpsels (*interjections*)

**Hoofstuk 7: Sinsleer (*syntax*)**

Onderwerp, voorwerp en gesegde (*subject, object and verb/predicate*)

Infinitiewe vorm (*infinitive form*)

Enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne (*simple/complex and compound sentences*)

Woordorde in sinne (*word order in sentences*)

Sinsbou met STOMPI

Ontkenning (*negation*)

**Sinstipes** (*types of sentences*)

- Stelsin (*declarative sentence*)
- Uitroepsin (*exclamatory sentence*)
- Vraagsin (*interrogative sentence*)
- Bevelsin (*imperative sentence*)

**Hoofstuk 8: Betekenisleer (*semantics*)**

Letterlike/denotatiewe (*literal*) en figuurlike/konnotatiewe (*figurative*) taalgebruik

Idiomatiese taalgebruik (*idiomatic expressions*)

Kollokasie (*collocation*)

Sinonieme (*synonyms*)

Antonieme/teenoorgesteldes (*antonyms/ opposites*)

Homofone (*homophones*)

Homonieme(*homonyms*)

Paronieme (*paronyms*)

Doeblette (*doublets*)

Een woord vir 'n omskrywing (*one word for a description*)

**Hoofstuk 9: Oefenvraestel**

**Bibliografie**

**Bladwyser**

# Hoofstuk 1: Klankleer (*phonics/sounds*)

## Sport, akademie en dissipline

| **Die volgende taalaspekte word in hierdie hoofstuk behandel** |
|---|
| ◦ hoofletters (*capitalisation*).<br>◦ lees- en skryftekens (*punctuation and diacritical marks*).<br>◦ lettergrepe (*syllables*) en klankgrepe (*sound syllables*). |

## Hoofletters (*capital letters*)


Hoofletters word gewoonlik gebruik by:

- Die **eerste woord** in 'n sin, byvoorbeeld: Die matrieks neem aan sport deel.
- **Name van persone**, plekke, boeke of tydskrifte (*magazines*), byvoorbeeld: Lebohang, Pretoria, Huisgenoot, ens.
- **Dae** van die week, byvoorbeeld: Maandag, Dinsdag, ens.
- **Maande** van die jaar, byvoorbeeld: Januarie, Februarie, Maart, ens.
- **Tale** (*languages*), byvoorbeeld: Afrikaans, Engels, Sotho, ens.
- **Universiteitsgrade** (*university degrees*), byvoorbeeld: Baccalaureus in Afrikaans, ens.
- **Akronieme**, byvoorbeeld: SABC

1. Lees die volgende uittreksel uit *Jou Romeo* deur Fanie Viljoen en verander die twee paragrawe deur die KORREKTE HOOFLETTER (*capital letter*) bo-oor die kleinletter met 'n kleurpen te skryf.





haai julle

dis mildred groenewald, of sommer kort, mildred g, hier – onbetwiste (*undisputed*) sosialemedia-koningin, trendsetter en thought leader.

#VatSo #TooHotToHandle

daardie mal geraas wat julle in die agtergrond hoor is nie omdat 'n filmster op pad is na ons skool toe nie. hulle roep: "marko! marko!", ons skool se super-hunky-krieketheld met die kyk wat meisies se knieë lam maak en krieketballe laat bewe. daardie naam – marko!

– dit is die soet klank van oorwinning (*victory*)! mense, dis uiteindelik (*at last*) ons skool se aanloop (*beginning*) tot ons eerste t20-kampioenskapstitel (*championship title*).

#VatSo #TooHotToHandle YEAH, Marko! Marko!

[Totaal: 15]

[Verwerk uit: Viljoen, F. 2016. *Jou Romeo*. Kaapstad: Tafelberg.]

2. Kyk na die verwerkte woordeboekinskrywings. Skryf die <u>woorde wat verskaf word</u> in LETTERGREPE neer en <u>ONDERSTREEP dan die lettergreep</u> wat die klem dra.
   a) atleet ➔ Die atlete ding mee om te kyk wie die vinnigste hardloop. ____________ (1)
   b) afrig ➔ Daar is spesiale skole wat leerders afrig. ____________ (1)
   c) afstand ➔ Die afstand wat die atleet moes hardloop, was 800 m. ____________ (1)
   d) amper ➔ Daar was amper 400 toeskouers op die paviljoen. ____________ (1)
   e) artikel ➔ In die koerant is daar 'n artikel oor my sportprestasies. ____________ (1)
   f) baan ➔ Die atlete moes vier keer om die baan draf. ____________ (1)
   g) begeerte ➔ My grootste begeerte was om die wedstyd te wen. ____________ (1)
   h) dieselfde ➔ Mpho en Bogani is in dieselfde span. ____________ (1)
   i) definitief ➔ Sy is definitief die sportvrou van die jaar. ____________ (1)
   j) gesond ➔ Timothy is gesond – hy eet reg en oefen gereeld. ____________ (1)
   k) gratis ➔ Toegang by die atletiekbyeenkoms is gratis. ____________ (1)
   l) hek ➔ Kaartjies word by die eerste hek verkoop. ____________ (1)
   m) hitte ➔ 'n Leerder het as gevolg van die hitte flou geval. ____________ (1)

[Totaal: 13]

3. Verdeel die volgende woorde eers in KLANKGREPE (*speech sounds*) en dan in LETTERGREPE (*syllables*):

| **Woord** | **Klankgreep** | **Lettergreep** |
|---|---|---|
| prentjie | | |
| hartjie | | |
| jakkals | | |
| dieselfde | | |
| growwe | | |
| modder | | |
| baie | | |
| briewe | | |
| tasse | | |
| bestanddele | | |

[Totaal: 20]

* * *

# Hoofstuk 2: Woordvorming (*morphology*)

## Lees verryk jou

* * *

## Afleidings (*derivatives*)

**AFLEIDINGS**
Bestaan uit een basisstam (*root word*) en een of meer kort deeltjies wat bygevoeg (*added*) word om 'n nuwe woord te vorm. Wanneer die **woorddeeltjie**:

**vooraan** die woord gevoeg word (*beginning of the root*) ➔ **VOORVOEGSEL** (*prefix*)

**die woordsoort kan verander** (*parts of speech may change*)
bv. man (s.nw.) ➔ beman (ww.) OF
hoof (s.nw.) ➔ onthoof (ww.)

**woord se betekenis** (*meaning*) **verander**
on- ➔ onleesbaar (*illegible*)

**FUNKSIES**

**agteraan** die woord gevoeg word (*end of the root*) ➔ **AGTERVOEGSEL** (*suffix*)

**geslag** (*gender noun*)
bv. onderwyser**es**

**persoonsname**
bv. leerd**er**

**meervoud** (*plural*)
bv. kind**ers**

**verkleining** (*diminutive*)
bv. seun**tjie**

**woordsoort kan verander**
siek (ww.) → sieklik (b.nw.)

**trappe van vergelyking** (*degrees of comparison*)
bv. slim – slimm**er** – slim**ste**



1. Lees die paragraaf uit *Die Pro* en ONDERSTREEP die AFLEIDINGS:

Die jaar het skaars begin en ek en my ma het daagliks 'n hengse uitval (*huge quarrel*). Sou ook nie gebeur het as dit nie vir tannie Ella se pratery was nie. Toe ek hoor, het die ou skinderbek (*gossip*) my ma gebel. Glo om te hoor of my ma toestemming (*permission*) gegee het dat ek my wetsuit aan Louis kan verkoop. "Natpak", het sy dit genoem. Eers het ma nie geweet waarvan tannie Ella praat nie, maar toe sy besef dis my wetsuit, het die vonke gespat (*sparks were flying*). Dis nou nie asof ek dit nie met my eie geld gekoop het nie, is dit? Maar Ma het tekere gegaan (*carried on*) asof ek die huis onder haar en Pa probeer uitverkoop (dalk nie so 'n slegte plan nie).



[Totaal: 10]

[Verwerk uit: De Villiers, L. 2015. *Die Pro*, tweede uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.]

2. Dui aan of die volgende woorde SAMESTELLINGS of SAMESTELLENDE AFLEIDINGS is:

| | |
|---|---|
| a. aandstudie | |
| b. seunskool | |
| c. toppresteerder | |
| d. eindeksamen | |
| e. oudleerling | |
| f. eksamentyd | |
| g. naskoolse | |
| h. persentasiepunte | |
| i. slaagsyfer | |
| j. matriekuitslae | |

[Totaal: 10]

* * *

# Hoofstuk 5: Werkwoorde en bywoorde (*verbs and adverbs*)

## Skoolboelies en kuberboelies

* * *

1. Kyk na die vetgedrukte woord (*word in bold*) as leidraad. Skryf die volgende sinne in die VERLEDE TYD oor:
   a) Lebohang **onderhou** (*provides for*) sy siek moeder.

   ______________________________ (1)

   b) Die seuns **ontmoet** mekaar altyd op dieselfde plek.

   ______________________________ (1)

   c) Die netbalspan **bestaan** uit sewe spelers.

   ______________________________ (1)

   d) Reitumetse **oorweeg** (*considers*) haar voorstel (*suggestion*) dat hulle saam moet studeer.

   ______________________________ (1)

[Totaal: 4]

Onthou: As twee werkwoorde (*two verbs*) in die verlede tyd (*past tense*) langs mekaar staan, word dit nie in die verlede tyd (*past tense*) geskryf nie byvoorbeeld:

| TEENWOORDIGE TYD | VERLEDE TYD |
| --- | --- |
| Ek sien Refilwe huil. | Ek het Refilwe sien huil. |

2. Skryf die volgende sinne eers in die VERLEDE TYD en daarna in die TOEKOMENDE TYD:
   a) Ek **sien** die seuntjie **fietsry**.
   VERLEDE TYD ______________________________ (1)
   TOEKOMENDE TYD ______________________________ (1)
   b) Ek **voel** 'n koue wind **waai**.
   VERLEDE TYD ______________________________ (1)
   TOEKOMENDE TYD ______________________________ (1)
   c) Ek **voel** die spanning **styg.**
   VERLEDE TYD ______________________________ (1)
   TOEKOMENDE TYD ______________________________ (1)
   d) Ons **hoor** die taxi se toeter **blaas**.
   VERLEDE TYD ______________________________ (1)
   TOEKOMENDE TYD ______________________________ (1)

[Totaal: 8]

* * *



# Best Books Eksamenhulp: Graad 10 Taal- en leesoefenboek

## vir Huistaal

Saamgestel deur Isabella Venish

BEST BOOKS

# Inhoudsopgawe


**Hoofstuk 1: Klankleer**

Begripstoets
Vokale
Diftonge
**Konsonante**
  Stemhebbende en stemlose klanke
**Klankverskynsels**
  Assimilasie
  Oorronding
  Ontronding
Hooflettergebruik
Punktuasie
Lettergrepe en klankgrepe
Hersieningsoefening

**Hoofstuk 2: Woordvorming**

Begripstoets
Kern en bepaler
Basis en stam
Simpleks en kompleks
Voorvoegsels
Agtervoegsels
Afleidings
Samestellings
Samestellende afleidings
Kern en bepaler
Vokaalverandering (bv. s*i*ng – s*a*ng)
Afkortings en akronieme
Neologismes
Leenwoorde
Spelling
Hersieningsoefening

**Hoofstuk 3: Selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde**

Begripstoets
**Selfstandige naamwoorde**
  Eiename
  Soortname
  Abstrakte selfstandige naamwoorde
  Meervoudsvorm
  Verkleiningsvorm
  Versamelname
  Lande en mense
  Manlik en vroulik – mens/dier
Hersieningsoefening
**Voornaamwoorde**
  Persoonlike
  Besitlike
  Onpersoonlike
  Aanwysende
  Betreklike
  Wederkerende
  Wederkerige
  Vraende
Hersieningsoefening

**Hoofstuk 4: Byvoeglike naamwoorde**

Begripstoets
**Byvoeglike naamwoorde**
  Attributief en predikatief
  Intensiewe vorme
  Trappe van vergelyking
  Deelwoorde
Hersieningsoefening

**Hoofstuk 5: Werkwoorde en bywoorde**

Begripstoets
**Werkwoorde**
  Hoofwerkwoorde
  Koppelwerkwoorde
  Deeltjiewerkwoorde/skeibare werkwoorde
  Onskeibare werkwoorde
  Hulpwerkwoorde
  Verlede tyd en toekomende tyd van werkwoorde
  Vaste werkwoorde
  Werkwoorde wat ons verwar
**Bywoorde**
  Van tyd
  Van wyse
  Van plek
  Van vorm
Hersieningsoefening

**Hoofstuk 6: Lidwoorde, telwoorde, voegwoorde, voorsetsels en tussenwerpsels**

Begripstoets
Lidwoorde

**Telwoorde**
Bepaalde en onbepaalde hooftelwoorde
Bepaalde en onbepaalde rangtelwoorde
Voegwoorde (groep 1–3)
Voorsetsels en vaste voorsetsels
Tussenwerpsels
Hersieningsoefening
**Hoofstuk 7: Sinsleer**
Begripstoets
Onderwerp, voorwerp en gesegde
Byvoeglike en bywoordelike bepalings
Byvoeglike en bywoordelike bysinne
Infinitiewe vorm
Enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne
Woordorde in sinne
Sinsbou met STOMPI
Ontkenning
**Sinstipes**
Stelsin
Uitroepsin
Vraagsin
Bevelsin
Lydende en bedrywende vorm
Direkte en indirekte rede
Hersieningsoefening
**Hoofstuk 8: Betekenisleer**
Begripstoets
**Letterlike en figuurlike taalgebruik**
Idiomatiese taalgebruik
Spreuke
Kollokasie
Sinonieme
Antonieme
Homofone
Homonieme
Paronieme
Doeblette
Een woord vir 'n omskrywing
Hersieningsoefeninge
**Hoofstuk 9: Skryf**
Basiese wenke vir die skryf van 'n skryfstuk
Beskrywende opstel
Verhalende opstel
Vriendskaplike brief
Dialoog
Toespraak
**Hoofstuk 10: Vraestelle**
**Bibliografie**

# Hoofstuk 1: Klankleer

## Dokters en goue lepels

| Jy gaan die volgende taalaspekte in hierdie hoofstuk behandel: |
| --- |
| ○ Begripsleesvrae aan die hand van ’n teksuittreksel en die voor- en agterblad van ’n roman beantwoord.<br>○ Spraakklanke (vokale/klinkers, diftonge/tweeklanke, konsonante/medeklinkers) identifiseer.<br>○ Stemlose en stemhebbende klanke onderskei.<br>○ Klankverskynsels (ontronding, oorronding, assimilasie) wat in die uitspraak van woorde voorkom, identifiseer.<br>○ Hooflettergebruik hersien.<br>○ Punktuasie in teksuittreksels toepas.<br>○ Woorde in lettergrepe en klankgrepe verdeel. |

## Begripstoets

Lees die volgende uittreksel uit *Boomkastele* deur Schalk Schoombie en beantwoord dan die vrae.

**TEKS A**

### Sirkelman maak rektor, stadsbase boos

***Versiering, of ’n <u>balk in die oog</u>?***

1 Praat met die studente en rektor van die Johannesburgse stadsuniversiteit, en jy kry <u>uiteenlopende menings</u> oor die Sirkelman wat die afgelope paar weke oral in die middestad en ook in sekere voorstede teen mure en geboue opduik.

2 “Dis niks anders as ’n vorm van aftakeling en vandalisme nie, om stadsgeboue met spuitverf te bevlek,” stel dr. Muni Voosa dit onomwonde. Hy waarsku dat sulke gedrag nie van die instelling se studente geduld sal word nie.

3 “Al neig dit na ’n soort Middeleeuse kunsvorm – herkenbaar Eurosentries – eerder as die meer bekende uitdrukkings van graffiti, is die doel beslis om te ontwrig en op te sweep. Dít sonder die nodige toestemming of magtiging van stadsvaders, vakbonde en selfs studentebeheerliggame.

4 “As dit ’n student is soos ons vermoed, heel waarskynlik in ’n kunsrigting, sal hy of sy wel gevang word en dan sal die swaarste dissiplinêre strafmaatreëls opgelê word. Skorsing is nie uitgesluit nie,” het Voosa gister tydens ’n perskonferensie gewaarsku.

5 Studente van alle dissiplines meen egter die straatkuns is cool.

6 “Waaroor die bohaai?” vra Lindi Mkiwe, ’n geologiestudent wat saam met ’n vriendin elke nuwe sighting van die Sirkelman gaan opsoek. “Meer, asseblief!

7 “Ons voorouers het grottekeninge gemaak om te wys hulle was daar. Dit was ’n manier om hulle turf te merk en die begin van omgewingskuns. Die Sirkelman wys ons ons plek in die Nuwe Suid-Afrika. Wit, swart, blou, rooi, ons is almal besig met ons eie balanseertoertjie.”

8 “Die <u>visuele ontwerp</u> is awesome, dis beter as baie advertensies in die media,” meen Stanley Wallis, ’n fotografiestudent wat as sy finalejaarprojek al die plekke dokumenteer waar die Sirkelman verskyn, voor hy deur skoonmakers verwyder word.

9 Wallis beplan ’n fotografiese uitstalling later vanjaar om die skim se graffiti te vier, met die voorlopige titel *Sirkels in die siel*.

10 Sirkelman, soos die ontwykende kunstenaar in die media bekend staan, werk onder die dekmantel van die nag, en dis veral grafiese kunstenaars soos Joe Haddock Jones wat glo dis bloot “donkerwerk as skadelose, estetiese konkelwerk”.

11 “Moenie te veel daarin probeer lees nie. Mooi miskien, maar pure oppervlak, lekkergoed vir die oog. Dit flous die kyker met ’n suggestie van betekenis. Blote misleiding. Dis tog maar wat die meeste graffiti is, red herrings, ja, stoute rooi harinkies wat die aandag weglei van die ware misdade van korrupsie en wanbesteding, eerder as om juis die aandag daarop te vestig.”

12 Haddock Jones meen dit kan selfs “suiwer kommersieel” wees, deel van ’n reklamemaatskappy se inisiatief om een of ander banale produk bekend te stel. “Soos oumanspilletjies.”

13 Die Sirkelman se kunswerke (altyd rooi op blou) word gespuitskilder in verskillende groottes teen onbewaakte mure in die voorstede en middestad, selfs teen polisiekantore, op stasiemure, bouvalle en pakhuise. Ook hoog teen wolkekrabbers waar dit met groot moeite en onkoste afgeskuur moet word (buffing). Hy gebruik vermoedelik ligte, sterk, opvoubare stensils om sy kunswerke vinnig en skerp aan te bring. “Hy moet ’n akrobaat of klouterdief wees om dit so hoog teen geboue te waag en dan boonop sy lyf Leonardo da Vinci te hou! Ek meen, halló, wie kan hom dit nadoen?” meen kransklimmer Gerrit Viljoen, wat glad nie van plan is om die spuitskilder se toertjies na te boots nie. “Vrek, nee, dis net te gevaarlik, geboue is glad.”

14 Kaptein Floriswa Nguni, woordvoerder van die middestadpolisie, is optimisties dat die “ontwrigting” binnekort tot ’n einde sal kom.

15 “Ons het sekere leidrade wat opgevolg word, ons het ’n goeie idee van die skuldige, en ja, ’n deurbraak is net ’n kwessie van tyd,” belowe sy.

16 Watter klagte kan teen die oortreder ingebring word?

17 “Vandalisme, openbare onsedelikheid. Die man in die sirkel is kaal, en daar is baie mense en kulture in hierdie land wat aanstoot neem om sulke snaakse goed te aanskou. Dis blatant. En dis baie, baie lelik.”

---

[Uittreksel uit: Schoombie, S. 2015. *Boomkastele*. Kaapstad: Human & Rousseau.]

**Vrae TEKS A**

1.1 Haal EEN (1) WOORD uit paragraaf 3 aan wat by die onderstreepte woorde in die <u>subtitel</u> aansluit. (1)

> ***Wenke: Aanhalings uit ’n teks word gewoonlik tussen aanhalingstekens geplaas.***
>
> ***Wanneer “ <u>’n</u> woord” gevra word, sal slegs die eerste woord wat as antwoord aangebied word, nagesien word.***

1.2 Wat word met die onderstreepte woorde in paragraaf 1 bedoel? Gee EEN (1) bewys onderskeidelik uit paragraaf 6 én paragraaf 14 wat jou antwoord ondersteun. (3)

***Wenke: Indien 'n vraag meer as een punt tel, en jy plaas elke antwoord op 'n eie reël, word die nasien vergemaklik aangesien daar geen verwarring is nie.***

***Indien uiteenlopende menings gevra word, beteken dit dat twee kante van die saak duidelik in die antwoord onderskei moet word.***

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

* * *

## Klankleer



In klankleer **luister** ons na die uitspraak van die klanke en spel ons nie die letters nie. Dieselfde letter kan op verskillende maniere uitgespreek word.

Lees die volgende sin en luister hoe die "e" se uitspraak elke keer verskil: *Ek het verlede week 'n vet perd gekoop*.

Lees hierdie sin en luister hoe die verskillende (onderstreepte) letters dieselfde klink: *Ek gebruik net 'n bietjie suiker in my koffie, nie vyf teelepels nie*.

## Vokale/klinkers

Vokale vorm wanneer daar nie 'n afsluiting of versperring in die spraakkanaal tydens die uitspraak van klanke is nie. Die stembande tril wanneer die klank uitgespreek word, daarom is alle vokale stemhebbend.

Vokale kan lank of kort uitgespreek word.




| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **a** | **e** | **i** | **o** | **u** | **oe** |
| **ie** | **eu** | **aa** | **ee** | **oo** | **uu** |

| Kort vokale | a | e | i | o | u |
|---|---|---|---|---|---|
| | kas | les | min | bos | nut |
| Lang vokale | aa | ee | | oo | uu |
| | kaas | lees | | boos | nuut |
| Ander vokale | oe | ie | eu | | |
| | soen | mielie | seun | | |

’n Lang vokaal kan ook enkel geskryf word, bv. skape waar die vokaal “a” as “skaape” uitgespreek word, ’n lang vokaal.

**Vrae**

1. Beantwoord die vrae oor die volgende woorde wat in TEKS A voorkom.
   a) stadsbase (titel)
   ONDERSTREEP die vokale in die bostaande woord.
   b) Skryf die woord neer en OMKRING die lang vokaal/vokale.

   ______________________________

   c) Skryf die woord neer en OMKRING die kort vokale.

   ______________________________

   d) Skryf ’n WOORD neer waar een (1) letter op verskillende wyses uitgespreek word. ONDERSTREEP dié letters.

   ______________________________

2. Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van die onderstaande sin wat in die roman, *Boomkastele*, voorkom.
   **Die navorser blaai stadig deur sy koerant.**
   a) ONDERSTREEP die vokale wat in die bostaande sin voorkom.
   b) Skryf TWEE (2) WOORDE neer waarin twee letters as dieselfde vokaal uitgespreek word, maar verskillend gespel word. Onderstreep dié ooreenstemmende vokaal in elke woord.

   ______________________________

   c) Skryf die WOORDE neer waarin lang vokale voorkom en ONDERSTREEP die lang vokale.

   ______________________________

   d) Bevat die woord “blaai” DRIE (3) VOKALE? Motiveer jou antwoord.

   ______________________________

   ______________________________

* * *

# Best Books Eksamenhulp: Graad 11 Taal- en leesoefenboek

## vir Huistaal

Saamgestel deur Anita Voges

BEST BOOKS

# Inhoudsopgawe


**Hoofstuk 1: Klankleer, hoofletters, punktuasie**

Wenke by begripstoetsing

Begripstoets

**Klankleer**

- Vokale, diftonge en konsonante
- Lettergrepe en klankgrepe
- Woordaksent en sinsaksent
- Klankverskynsels

Hooflettergebruik

Punktuasie

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 2: Morfologie, taalverskynsels, afkortings, spelling**

Begripstoets

**Morfologie**

- Kern en bepaler
- Simpleks en kompleks
- Samestellings
- Afleidingsmorfeme
- Samestellende afleidings
- Vokaalverandering
- Morfologiese ontleding
- Fleksiemorfeme
- Betekenis van voorvoegsels
- Taalverskynsels

Afkortings en akronieme

Skryftekens en spelling

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 3: Selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde**

Begripstoets

**Selfstandige naamwoord**

- Soorte
- Enkelvoud en meervoud
- Verkleining
- Geslag
- Lande en mense

Voornaamwoorde

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 4: Byvoeglike naamwoorde**

Begripstoets

**Byvoeglike naamwoord**

- Soorte
- Verbuiging
- Letterlik en figuurlik
- Intensiewe vorme
- Trappe van vergelyking

Deelwoorde

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 5: Werkwoorde en bywoorde**

Begripstoets

**Werkwoorde**

- Hoofwerkwoord
- Koppelwerkwoord
- Hulpwerkwoord

Tye: Teenwoordige tyd, verlede tyd en toekomende tyd

Werkwoorde in vaste verbindings

Werkwoorde wat ons verwar

Infinitief

**Bywoorde**

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 6: Ander woordsoorte**

Begripstoets

**Determineerders**

- Lidwoord
- Aanwysende voornaamwoord
- Besitlike voornaamwoord

Telwoorde

Voegwoorde

Voorsetsels en vaste voorsetsels

Tussenwerpsels

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 7: Sinsleer**

Begripstoets

Enkelvoudige sinsontleding

Saamgestelde sinsontleding en veelvoudige sinne

Ontkenning

Sinstipes

Sinswyses

Lydende en bedrywende vorm

Direkte en indirekte rede

Hersieningsoefening

**Hoofstuk 8: Betekenisleer**
Begripstoets
Letterlik en figuurlike taalgebruik
Idiomatiese taalgebruik
Sinonieme en antonieme
Homonieme en homofone
Paronieme
Doeblette
Een woord vir 'n omskrywing
Hersieningsoefening
**Vraestelle**
Junie: Vraestel 1 en 3
September: Vraestel 1 en 3
November: Vraestel 1 en 3
**Bibliografie**

# Hoofstuk 4: Byvoeglike naamwoorde

## Invloedryke mense

**In hierdie hoofstuk gaan jy**


- ’n begripstoets beantwoord wat oor twee uittreksels handel.
- byvoeglike naamwoorde bestudeer: attributief en predikatief, verbuiging, letterlik en figuurlik, intensiewe vorme en trappe van vergelyking.
- verskillende soorte deelwoorde onderskei en taalvrae daaroor beantwoord.
- hersiening doen van al hierdie aspekte.

* * *

## Byvoeglike naamwoorde (adjektiewe)

Byvoeglike naamwoorde (adjektiewe) beskryf selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde. Daar is twee soorte byvoeglike naamwoorde, naamlik attributief en predikatief.

**Soorte byvoeglike naamwoorde**
Vergelyk die onderstaande sinne:




**Eienskappe van byvoeglike naamwoorde:**

- Verbuiging – attributief vs. predikatief, bv. *Die **hoë** bome vang die meeste wind.* → *Die boom is **hoog**.*
- Letterlik en figuurlik, bv. *Hoë bome vang die meeste wind* → idiomatiese uitdrukking (figuurlik) teenoor *Hoë bome vang die meeste wind* → bome wat baie hoog is, vang die meeste wind en die blare en takke waai woes (letterlik).
- Trappe van vergelyking, bv. *hoog* → *hoër* → *hoogste*
- Intensiewe vorme, bv. *hemelhoog*

1. ONDERSKEI tussen ses (6) selfstandige naamwoorde en vyf (5) byvoeglike naamwoorde in die onderstaande paragraaf:



**Chase Rhys**
Foto: Retha Ferguson, 2018

Chase Rhys is ’n inspirerende skrywer. Hy kom van die betowerende Kaapstad. Hoe lyk die man? Hy is dinamies. Hy dra ’n silwer neusring en sy hare is blou. Hy skryf soos die mense praat. Hy gee erkenning aan mense wat hulle kinders in sinnelose bendegeweld verloor het.

| Selfstandige naamwoord | Byvoeglike naamwoord |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

* * *

## Hersiening

Lees die onderstaande verwerkte teks uit *Vlerke vir almal* deur Marion Erskine deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.



1 Ná wat soos ’n verdere eeu voel, skuif die ingekleurde Goliat uiteindelik weg en ek kan vir die eerste keer die tatoe sien.
2 “En?” vra Nicola dadelik en kreukel haar wipneusie.
3 “Hou jy daarvan?”
4 “Dis baie mooi,” soek ek gou vir die woorde wat sy wil hoor en dink hoe my pa my gatvelle sal aftrek as ek op sestien met ’n tatoe by die huis aankom.
5 “Mooi?” vra Nicola grootoog. “KykNET se logo is mooi, hierdie is awesome, Schmetterling!”
6 Nicola noem my Schmetterling sedert ons in die laerskool was. My ma het Duitse bloed en het eendag genoem die Duitsers gebruik dié naam vir ’n skoenlapper.
7 Ek persoonlik dink dit klink baie cooler as die Afrikaanse weergawe.
8 ’n Skoenlapper is ook haar gunstelinggedierte, so ek neem aan dis haar soort kompliment om my so te noem.
9 “Hier’s ’n lys van goed wat vermy word,” sê die prentjieman in ’n monotone stem terwyl hy ’n pamflet oorhandig.
10 Nicola gryp die papier en trek haar neus op. “Geen direkte sonlig nie? Nou hoe gaan ek die naweek kan afshow?”
11 “Trust me,” antwoord die man, “jy sal tien keer meer pyn hê as daardie ding ontsteek.”
12 “Goed, goed,” sê Nicola en glimlag breed.

[Uit: Erskine, M. 2017. *Vlerke vir almal*. Kaapstad: Human & Rousseau.]

1. Skryf 'n SKEIBARE WERKWOORD uit paragraaf 1 neer.

2. Gee die MEERVOUD van **tatoe** en **eeu** in paragraaf 1. Vorm ook 'n WERKWOORD van **tatoe**.

3. Skryf 'n BYWOORD VAN TYD neer wat in paragraaf 2 voorkom.

4. Skryf die KOPPELWERKWOORD neer wat in die onderstreepte deel in paragraaf 4 voorkom.

5. Word "aftrek" in paragraaf 4 SKEIBAAR of ONSKEIBAAR gebruik? Skryf slegs die KORREKTE antwoord.

6. Gee 'n AFRIKAANSE WOORD vir "awesome" in paragraaf 5.

7. Word "noem" in paragraaf 6 OORGANKLIK of ONOORGANKLIK gebruik? Motiveer jou antwoord.

8. Skryf die WOORDOORTOLLIGHEID neer wat in paragraaf 7 voorkom.

9. Beskryf die WERKWOORD "klink" in paragraaf 7 volledig.

10. Skryf die ONDERSTREEPTE sinsdeel in paragraaf 8 in die <u>toekomende tyd</u>.

11. Skryf die ONDERSTREEPTE sinsdeel in paragraaf 9 in die <u>verlede tyd</u>.

12. Benoem die ONDERSTREEPTE <u>hulpwerkwerkwoord</u> in paragraaf 10 volledig.

13. Gebruik die HULPWERKWOORD in paragraaf 10 as 'n <u>selfstandige naamwoord</u> in 'n sin.

14. Skryf die ONDERSTREEPTE sinsdeel in paragraaf 11 in die <u>verlede tyd</u>.

15. Benoem die BYWOORD in paragraaf 12 volledig.

16. Gebruik nou hierdie woord in vraag 15 as 'n BYVOEGLIKE NAAMWOORD in 'n sin.

17. Waarom, dink jy, word die man as 'n "prentjieman" beskryf?

18. Waarom wil Nicola 'n tatoe hê? Skryf die rede neer. Gebruik slegs Afrikaans in jou antwoord. Hoe sal jy Nicola se taalgebruik beskryf?

______________________________________________

______________________________________________

19. Watter tatoe gaan Nicola kry en waarom juis hierdie een?

______________________________________________

______________________________________________

20. Wat dink jy van 'n tatoe vir 'n sestienjarige?

______________________________________________

______________________________________________

21. In paragraaf 1 word die prentjieman as 'n *ingekleurde Goliat* beskryf. Wat word hierdie vorm van BEELDSPRAAK genoem?

______________________________________________

22. Lees die onderstaande verwerkte opsomming van die roman *Vlerke vir almal* deur Marion Erskine deur.

a. Dewald se ouers stuur hom na 'n nuwe skool
b. Sy lewe word omvergegooi.
c. Elke skool het nuwe uitdagings en sy boelies.
d. Dis nie maklik om 'n tiener te wees met 'n skielike hakkelprobleem nie.
e. Dewald probeer om weer sy balans vind.
f. Dit terwyl een van die grootste boelies in die skool sy lewe hel maak.
g. En hy besluit: Genoeg is genoeg.


[Uit: Erskine, M. 2017. *Vlerke vir almal*. Kaapstad: Human & Rousseau.]

Skryf bostaande gedeelte in die VERLEDE TYD.

a) ______________________________________________
b) ______________________________________________
c) ______________________________________________
d) ______________________________________________
e) ______________________________________________
f) ______________________________________________
g) ______________________________________________

23. Leer dié IDIOME oor **boeke en lees:**

- Ander mense se boeke is duister om te lees – dis moeilik om ander se sake te verstaan
- Hy is 'n geslote boek – hy wys nie sy gevoelens nie
- Ek is in sy goeie boeke – in sy guns
- Dit spreek boekdele – dis veelseggend



# Best Books Eksamenhulp: Graad 12 Eksamenoefenboek

## vir Huistaal

Saamgestel deur Martlie Jordaan

BEST BOOKS

# Inhoudsopgawe


1. **Kopkaart**
2. **Klankleer**
3. **Morfologie**
4. **Spelling**
5. **Woordsoorte**
   Selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde
   Werkwoorde, infinitief en deelwoorde
   Bywoorde en voornaamwoorde
   Lidwoorde, telwoorde, tussenwerpsels, voegwoorde en voorsetsels

9. **Hoe benader ek Vraestel 1?**
10. **Kom ons bekyk Vraestel 3 van naderby**
11. **Vraestel 1 no. 2**
12. **Vraestel 3 no. 2**
13. **Betekenisleer**
14. **Sinsoorte: enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne**

**15 Direkte en indirekte rede, lydende en bedrywende vorm, ontkenning en sinswyses**

16. **Woordeskatuitbreiding**
17. **Kritiese taalbewustheid**
18. **Vraestel 1 no. 3**

**19 Vraestel 3 no. 3**

**20 Vraestel 1 no. 4**

21. **Vraestel 3 no. 4**

**22 Vraestel 1 no. 5**

**23 Vraestel 3 no. 5**

24. **Kopkaart (vervolg)**

**Hoe werk die oefeninge?**

Oefening 1 toets jou teoretiese kennis, m.a.w. leerwerk.

In oefening 2 oefen jy jou teoretiese kennis.

In oefening 3 pas jy jou kennis toe.

* * *

## OEFENING 1: SELFSTANDIGE NAAMWOORD EN BYVOEGLIKE NAAMWOORD

1. Watter woordsoort neem *die* en *'n* vooraan?

2. Watter SOORT selfstandige naamwoord is *Jan, Tafelberg en Oranjerivier*?

3. Aan watter DRIE (3) VEREISTES moet 'n soortnaam voldoen?

4. Verduidelik wat 'n massanaam is en gee 'n voorbeeld.

5. Gee die TWEE (2) KENMERKE van 'n maatnaam.

6. Watter TWEE (2) SOORTE selfstandige naamwoorde is nog nie genoem nie?

7. Wat BESKRYF 'n selfstandige naamwoord?

8. Wanneer hierdie woordsoort voor die selfstandige naamwoord staan, sê ons dit word ____________________ gebruik.

9. Hierdie woordsoort het ook trappe van vergelyking. Noem die DRIE (3) TRAPPE en sê hoe word die tweede en derde trap gevorm.

10. Verduidelik wanneer word *meer* en *mees* by die trappe van vergelyking gebruik.

11. Gee 'n VOORBEELD van 'n intensiewe vorm. Hoe word die intensiewe vorm gespel?

12. Verduidelik wat is die verskil wanneer hierdie woordsoort by vraag 11 LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik word.

______________________________________________

______________________________________________

13. Wat word bedoel met die <u>verbuiging</u> van die byvoeglike naamwoord?

______________________________________________

______________________________________________

**OEFENING 2**

1. Gee die MEERVOUDE van die volgende woorde:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 oupa | ______________ | 1.4 prieel | ______________ |
| 1.2 hawe | ______________ | 1.5 aanbod | ______________ |
| 1.3 rif | ______________ | 1.6 fisikus | ______________ |

2. Gee die VERKLEININGSVORM van die volgende woorde:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.1 glas | ______________ | 2.4 ring | ______________ |
| 2.2 plas | ______________ | 2.5 opening | ______________ |
| 2.3 pad | ______________ | 2.6 koppie | ______________ |

3. Wat is die VERSKIL tussen *gasse* en *gaste*?

______________________________________________

______________________________________________

4. Gebruik die woord *glas* eers as 'n soortnaam en dan as 'n maatnaam in 'n sin.

______________________________________________

______________________________________________

* * *

## Hoe benader ek Vraestel 1?

| | | |
|---|---|---|
| Gee aandag hieraan.<br>Jy het dus geen keuses nie.<br>Wys duidelik jy is klaar.<br>Belangrik, andersins word dit verkeerd gemerk.<br>Sekere antwoorde MOET korrek gespel wees. | **INSTRUKSIES EN INLIGTING**<br>1. Beantwoord AL die vrae.<br>2. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.<br>3. Trek 'n streep na elke afdeling.<br>4. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.<br>5. Laat 'n reël oop na elke antwoord – lyk beter uiteengesit en is makliker vir merker<br>6. Skryf netjies en leesbaar.<br>7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie. | Dit maak dit net makliker vir die merker.<br>Kan nie 'n punt verdien as niemand dit kan lees nie. |

**Hoe om die begripstoets te benader**

- Gebruik jou tien minute leestyd om solank jou begripstoets te vluglees, m.a.w. lees die eerste paragraaf en daarna die eerste sin van elke paragraaf. Lees die laaste paragraaf heeltemal. Nou het jy 'n oorsig waaroor die gedeelte handel.
- Gaan nou na die vrae. Omkring die "doen-woorde", nommer die stapelvrae en onderstreep dit wat die vraag wil hê.
- Stiplees die teks en dui die hoofgedagte van elke paragraaf aan.
- Nou eers kan jy die vrae in 'n VOLSIN (onderwerp en gesegde) beantwoord.

---

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

Begin altyd by die titel | Teenoor | Dui op onsekerheid | Moet ekonomiese ontwikkeling plaasvind ten koste van die natuur?

## EKONOMIESE ONTWIKKELING VS. DIE NATUUR?

Kyk hoe sluit die subtitel by die titel aan

***Benodig jy meer elektrisiteit? Is jou gesondheid belangrik? Hoe kan die ekonomie en die natuur albei baat? Rob Edwards, 'n navorser vir die beleggingsmaatskappy AfroBlock, het gaan ondersoek instel.***

Lees heel eerste paragraaf

1 Dat ekonomiese ontwikkeling die omgewing kan verwoes, is onweerlegbaar. **Ekonomiese groei** is egter **belangrik** vir enige maatskappy. Ondernemings moet hulle **markte uitbrei** en die samelewing is afhanklik van ekonomiese groei om vir 'n **immer groeiende bevolking te sorg**.

Kerngedagte

2 Daar is egter **nadele** aan ekonomiese groei en vooruitgang: Dit stoot die **geraasvlakke** in stede **op** en **verwoes die skoonheid** van die platteland, dit **vervuil** die **lug** en dit **besoedel** die **water**.

3 **Skade** word **aangerig deur die produksie** én **verbruik** van goedere. Dink maar aan die as wat 'n kragsentrale die lug in pomp, die afval van 'n papierfabriek wat in die rivier beland en die giftige uitlaatgasse van motors. 'n Enkele produsent, soos 'n smeltery, kan mense laat hoes, maar duisende rokers en motoriste (die verbruikers) laat kollektief dieselfde gebeur. Die onderskeid is van groot belang. Die smeltery kan nie sy verantwoordelikheid ontken nie; die motoris mag die algemene gevolge van motorgebruik betreur, maar het geen individuele verantwoordelikheidsgevoel nie, want sy bydrae tot die totale skade is maar gering. Die roker voel dikwels vere vir die besoedeling wat hy skep.

4 As ons die **probleem** wil **hokslaan**, moet ons **geld** daaraan **bestee** en ons sal moet **fokus op langtermyn-oplossings**, nie korttermyn-gewin nie. Op landbougebied, byvoorbeeld, wurg die boere. Die goeie boere tref voorsorg teen erosie, maar ondanks al die bewaringswetgewing spoel daar steeds jaarliks tussen 233 en 363 miljoen ton van ons land se kosbare landbougrond weg. Dit is 'n dwingende en teenswoordige probleem. As jy daardie grond in seweton-vragmotors sou laai, sal jy 'n string vragmotors hê wat buffer teen buffer meer as sewe keer om die aarde strek.

5 **Grondbewaring** is dus **noodsaaklik**. Hoekom word daar nie iets aan gedoen nie? In 'n demokratiese stelsel sal geen verkose verteenwoordiger iets sê of

doen wat by die kiesers ongewild is nie. Te min staatsgeld word dus daaraan bestee om die omgewing te bewaar en op te ruim, want die kiesers moet, deur middel van belasting, daarvoor betaal.

6 Daar is egter hoop. Ons **regering** het reeds **baie wette in plek** gestel om die **produsent en die verbruiker vas te vat**. Besoedelaars en ekovarke se dae is getel.

7 Die **eerste oplossing** beskou **omgewingskade** as 'n defek in die markstelsel, maar gebruik dan die **markstelsel om dit reg te stel**. Die produsent, en uiteindelik dus die klante, word ingespan om die koste te dra. Die produsent werk nou hard aan die voorkoming van enige besoedeling. Die produk word dus duurder, maar die kliënte kry 'n "groen" produk, en 'n skoon omgewing. Sou besoedeling egter wel plaasvind, word die produsent gedwing om die koste van die skoonmaakoperasie te betaal.

8 Verskeie **lugdienste** word deesdae **swaar beboet** vir luidrugtige vliegtuie – en die klant betaal daarvoor. Die **enigste ware oplossing** is egter **nuwer, duurder vliegtuie wat minder brandstof gebruik en minder lawaaierig** is. Dit stoot ook die prys van vliegkaartjies op.

9 Verskeie **lande plaas 'n drempel op onbeheerbare groei in die ekonomie**. Dit word gedoen deur hoër belastings en rentekoerse, of selfs wetgewing.

10 Dit beteken dat die **verbruikers swaar** op die **natuurlike hulpbronne steun**.

11 Die **derde oplossing** is om **ekonomiese groei te laat voortgaan**, maar deur **wetgewing die perke vir toelaatbare skade** aan die omgewing, weens verbruik of produksie, vas te stel. Die bepaling van hierdie perke is tans een van die hooftake van die wetgewende gesag.

12 Verskeie **internasionale protokolle**, waaronder die baie belangrike Kyoto-protokol, **stel duidelike riglyne** vir regerings van oor die hele wêreld. Voorts help dit ook om 'n regering te hê wat omgee vir die regte van ander. Sedert ons in 1994 'n demokrasie geword het, is verskeie wette ingestel om die omgewing te beskerm. Sommige, soos die antirookwette, die verbod op 4x4's op strande en die vermindering van plastieksakke, is gedoen ondanks geweldige protes.

13 **Suid-Afrika** is tans op die **voorpunt van bewaring**. Ons doen dit ook sonder om die armes te straf. Vele **bestaansgemeenskappe** het deesdae 'n **goeie verhouding met en toegang tot ons wildreservate**, hetsy deur weiding vir hulle vee, die versamel van gras en hout, die oes van oortollige wild, of deur die deel van winste wat deur die reservate verdien word

14 Ongelukkig is mense maar mense en daar is steeds 'n bereidwilligheid onder **sommige amptenare om die wette te minag in ruil vir omkoopgeld**. Geld en mag het die mens nooit genoeg van nie. Dit is 'n fout wat inherent aan die mensdom is, maar die natuur betaal daarvoor.

[Verwerk uit: *Die Bateleur* PS, 12 Januarie 2005.]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Voor watter tweërlei dilemma het Rob Edwards te staan gekom? (1)

1.2 Motiveer waarom juis 'n beleggingsmaatskappy so 'n ondersoek sou loods. (1)

*Gee 'n rede waarom*

1.3 **(1)** Watter woord in paragraaf 1 gee 'n antwoord op die stelling in die opskrif? **(2)** Wat is die gevolg van markte wat uitbrei en **(3)** waarom is ekonomiese groei noodsaaklik? (2)

*Kan daar 'n regverdige rede daarvoor wees?*

1.4 Waarom is dit geregverdig om te sê motoriste en rokers is net so 'n groot besoedelingsprobleem as enige fabriek? (1)

1.5 **(1)** Watter EEN van die nadele van ekonomiese groei is vir jou die ergste? **(2)** Motiveer in EEN sin waarom jy so sê. (2)

*Gee 'n rede waarom*

1.6 Herlees reël 21–22.
Wat word deur hierdie sin geïmpliseer? (2)

*indirek bedoel*

1.7 **(1)** Watter woord is 'n aanduiding dat erosie nie 'n algemene probleem is nie en **(2)** haal die woord aan wat aandui dat voorsorg teen erosie nie help nie. (2)

1.8 **(1)** Wie is volgens paragraaf 5 indirek verantwoordelik vir grondbewaring en **(2)** waarom versaak hulle hul plig? **(3)** Motiveer of hierdie houding regverdigbaar is, al dan nie. (3)

*Gee 'n rede* — *billik is*

1.9 Herlees reëls 34–36.
Lewer kritiese kommentaar op hierdie stap. (1)

*Gee jou mening en die redes vir jou mening*

1.10 Waarom is dit korrek om te beweer dat "groen produkte" voordelig sowel as nadelig is? (2)

1.11 Herlees reëls 48–49.
Hoe baat die natuur by dié hele aangeleentheid? (1)

*Gee 'n rede*

1.12 Is daar tekens dat die Kyoto-protokol in ons land vrugte afwerp? **(1)** Motiveer jou antwoord **(2)** en spreek jou uit oor die volhoubaarheid hiervan. (2)

*Gee jou mening oor*

*Maak dit duidelik*

1.13 **(1)** Verduidelik die verband tussen paragraaf 7 en 13 en **(2)** sê waarom die verhouding tussen bestaansgemeenskappe en wildreservate nie deur almal as positief gesien sal word nie. **(3)** Sou hierdie houding geregverdig kon wees? Motiveer. (3)

*Gee 'n rede* *billik is*

Die *Best Books Eksamenhulp*-reeks vir Graad 8–12 Afrikaans Eerste Addisionele Taal bestaan uit vyf gebruikersvriendelike oefenboeke wat leerders sal help om hul taal- en leesvaardighede op 'n interaktiewe manier te oefen en te verbeter. Die boeke, wat saamgestel is volgens die vereistes van die KABV vir elke graad, is geskik vir gebruik in die klaskamer of tuis. Hierdie reeks oefenboeke is saamgestel volgens die nuutste *Afrikaanse woordelys en spelreëls*.

## Die taal- en leesoefenboeke


- dek die belangrikste taalstrukture en -konvensies, waaronder klankleer, woordvorming, woordsoorte en sins- en betekenisleer.
- is saamgestel volgens die nuutste *Afrikaanse woordelys en spelreëls*.
- is geskryf in taal wat leerders sal verstaan, met Engelse vertalings van begrippe en verduidelikings en toeganklike opsommings met voorbeelde.
- bestaan uit agt hoofstukke met taaloefeninge en twee begripstoetse per hoofstuk.
- bied 'n verskeidenheid tekstipes soos wat die leerder dit in eksamens kan verwag.
- bevat tweetalige woordelyste.
- sluit oefenvraestelle vir toets- en eksamenvoorbereiding in.
- bied plek vir antwoorde, vir maklike hersiening en verwysing.




Graad 8
9781776071876



Graad 9
9781776071883



Graad 10
9781776072019




Graad 11
9781776072026

Die ***Best Books Eksamenoefenboek vir Graad 12 Eerste Addisionele Taal*** bevat 'n wye verskeidenheid taaloefeninge om leerders met eksamenvoorbereiding te help. Daar is waardevolle wenke en praktiese idees met voorbeelde vir die skryf van verskillende tipes skryfstukke. Die taaloefeninge en wenke sal die worstelende én die vooruitstrewende leerder help om beter te vaar in die eksamen.

## Die eksamenoefenboek

- bevat taaloefeninge gebaseer op 'n verskeidenheid tekstipes.
- is saamgestel volgens die nuutste *Afrikaanse woordelys en spelreëls*.
- bevat wenke met voorbeelde ter voorbereiding van toetse en eksamens.
- sluit 'n konsepvraestel elk vir Vraestelle 1 en 3 in.
- bied plek vir antwoorde, vir maklike hersiening en verwysing.



Graad 12
9781776072033

**Kontak Best Books:**

Skole – Shamala Stoffels: shamala.stoffels@nb.co.zaa | (021) 406 3033
Henk Viljoen: henk.viljoen@nb.co.za | (012) 431 7460 of Elana Bredell: elana.bredell@nb.co.za | (021) 406 3033

BEST BOOKS EKSAMENHULP

GRADES 8-12
AFRIKAANS FAL
EXCERPTS

# AFRIKAANS MADE EASY FOR ENGLISH LEARNERS

CAPS ALIGNED

- According to CAPS requirements and the AWS of 2017
- Bilingual summaries and exercises
- Easy reading texts from the latest youth novels and other text types
- Exemplary papers